VAKATURE: LERAAR - VASTETERMYNPOS VIR ‘N TERMYN VAN TWEE JAAR NG GEMEENTES FAURESMITH EN JAGERSFONTEIN (IN KOMBINASIE)

Die kerkrade van Fauresmith en Jagersfontein wag in biddende afhanklikheid van die Here, aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord.

Gemeenteprofiel: Die taak van die leraar behels om beide gemeentes te bedien vir ‘n effektiewe evangeliebediening. Beide gemeentes funksioneer onafhanklik.

Fauresmith en Jagersfontein is twee aangrensende plattelandse gemeentes (afstand tussen die twee dorpe is 11 km), in die sinodale gebied van die Vrystaat en is onderskeidelik 131 km en 120 km vanaf Bloemfontein. Fauresmith bestaan uit 175 lidmate en 27 dooplidmate (vyf plaaswyke en vier dorpswyke) en Jagersfontein bestaan uit 162 lidmate en 24 dooplidmate (twee plaaswyke en vyf dorpswyke).

Leraarsprofiel: Die leraar moet

- die gemeente bedien met Artikel 9 van die Kerkorde as taakomskrywing.
- ‘n duidelike roeping van die Here ontvang het om sy werk hier te kom doen.
- Bereid wees om in ‘n plattelandse gemeenskap betrokke te wees deur persoonlike kontak en huisbesoek.
- Onderneem om elke Sondag in beide gemeentes ‘n erediens waar te neem.

Vergoedingspakket:

- ‘n Vergoedingspakket volgens sinodale skaal 3, word aangebied.
- Reiskoste volgens sinodale skaal.
- Huisvesting: Gratis verblyf in pastorie.
- Toelae vir munisipale dienste en telefoon.

Aansoeke:

- Aansoeke moet vergesel word van ‘n volledige CV, twee onlangse getuigskrifte, sowel as die name en kontakbesonderhede van vier referente.
- **Sluitingsdatum: Dinsdag 15 Mei 2018.**
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en/of preekgeleentheid.
- Die pos is **beskikbaar vanaf 1 Januarie 2019**.

Stuur aansoeke aan: Die Skriba, Posbus 77, Jagersfontein 9974 - telefoon 082 775 0940 - e-pos ngkjf@lantic.net

Navrae kan gerig word aan: W Loftus - tel 082 778 9928, ds C Potgieter - tel 083 276 4742, of J Vermeulen tel 082 924 3147

Die kerkraad behou die reg voor om sonder opgaaf van redes, nie ‘n aanstelling/beroep uit enige van die aansoekers te doen nie.